NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 7 MEI 2023

# VYFDE SONDAG IN PASE

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Die sitting van die Wes-Kaapland Sinode volgende week.***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Handelinge 17:22-31; Psalm 66:8-20;**
**Johannes 14:15-21; 1 Petrus 3:13-22**

| SONDAG, 7 MEI |
|---|
| ARBEIDSONDAG<br>SINODALE BID- EN DANKDAG<br><br>09:00 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Arbeidsbediening<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens in die voorportaal |
| **MAANDAG, 8 MEI** |
| SINODESITTING VAN WES-KAAPLAND |
| **DINSDAG, 9 MEI** |
| SINODESITTING VAN WES-KAAPLAND<br>19:00 Basaarkonvenors vergadering |
| **WOENSDAG, 10 MEI** |
| SINODESITTING VAN WES-KAAPLAND |
| **DONDERDAG, 11 MEI** |
| SINODESITTING VAN WES-KAAPLAND<br><br>Sopbeurte: Paula Bester, Elmare Burger, Elba Fourie, Christa Smit,<br>Louis/Ester van Eeden, Erica vd Westhuizen, Marina Summers |

| VRYDAG, 12 MEI | |
|---|---|
| | SINODESITTING VAN WES-KAAPLAND |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 13 MEI** | |
| | |
| **SONDAG, 14 MEI** | |
| | MOEDERSDAG<br>BIDDAG VIR GESINNE<br>SESDE SONDAG IN PASE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Senior Sentrum<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Cathy Immelman (Andanté) is oorlede. Haar troosdiens is Donderdag 11 Mei om 13:30.
2. Judy Steyn (Klaradyn) sterk tuis aan.
3. Theo Lombaard (Othello) sterk tuis aan.
4. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Willie en Emmie van der Vyver vanaf Ladismith en Sasolburg
   Estelle Geldenhuys vanaf Sonstraal
5. Die volgende baba's word vanoggend gedoop:
   Isabelle Botma, dogterjie van Frans en Mari Botma. Inus en Marietjie Basson is die grootouers.
   Luca Brunette, seuntjie van Zander en Megan Brunette. Wilfred en Marilie Tiller is die grootouers.
6. Ds Hannes en Adri het 'n kleindogter ryker geword, Salri en Arno is die ouers. Sy is na ouma Adri vernoem. Baie geluk.
7. Hein en Christelle Smit (Gladiolistraat) het 'n kleinseun, Simeon, ryker geword. Henrico en Yolandi is die trotse ouers.
8. Charles Wolfaardt (Othello) is in die hospitaal.
9. Derik Summers (Olivierstraat) het 'n operasie ondergaan en sterk aan by die huis.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. René Ferreira is vanoggend ons orrelis.
2. NG Kerk Brackenfell-Proteahoogte gemeente het 'n vakature vir Saakgelastigde. Sluitingsdatum vir aansoeke: 12 Mei 2023 om 16:00. Sien kennisgewingbord of kontak kerkkantoor vir volledige inligting.
3. Ds Johan Morkel sal volgende week tydens die Sinodesitting instaan vir ons twee leraars wat dit in Goudini gaan bywoon.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




07/05 Bertha Bester(87), Marie de Wit(86)
08/05 Hanri Klomp, Zané Smith, Michelle Visser, Francois Swart, Johnny Wassüng
09/05 Martin Bester, Anél Schreuder, Wilma Steer
11/05 **Lerina Venter** (89), Zita Prins, Janine Theron, Daniël Wassung
12/05 Renita Gründlingh, Rico Spies, Liané Conradie, Riaan Boshoff,
IJ van der Walt, Annalien van Papendorp
13/05 Wimpie du Toit, James Gourrah, Adam Boshoff (84)

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

### Arbeidsbediening

Arbeidsbediening is 'n diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun – hulle werk dus AANVULLEND tot gemeentebediening en verteenwoordig nie die voorkeure of styl van een spesifieke denominasie nie. Hulle verteenwoordig die hele kerk van Christus en is gerig op die geestelike versorging van mense in hul plekke van werk. Christen-gelowiges word ondersteun en 'n vriendskapsevangelisasie word gevolg deur mense te bereik wat nog nooit van die Here gehoor het nie. Arbeidsbediening se holistiese benadering beteken ook dat hulle mense pastoraal bystaan wat onreg beleef , sukkel om verhoudings te laat versoen of wat hul werk verloor het. Om te verseker dat die bediening relevant bly, word sake soos werksetiek aangespreek, toerustings-geleenthede aangebied en nuwe bemagtigingsprojekte aangepak. U kan ook kyk na die video oor hul werk by https://bit.ly/3cPmQVc.

Me Carin Brink | 083 651 9515 | cbrink@kaapkerk.co.za
Webwerf: http://imsacape.christians.co.za/

# MOEDERSDAG

Volgende Sondag 14 Mei 2023 is dit Moedersdag.
Ons wil dit baie graag 'n spesiale geleentheid maak en nooi moeders uit om, saam met hul dogter/s, deel te wees van die voorsanggroep dié Sondagoggend.
Indien julle belangstel, kontak die kerkkantoor teen Maandag 8 Mei 2023 sodat René julle kan kontak.

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Ons volgende vergadering vir al die konvenors is:

9 Mei 2023 om 19:00 in die konsistorie

# BASAAR – PANNEKOEK

**Basaar Pannekoek**

**Vars gebak deur 'n volike span**



Plek: Voorportaal

Datum: 3de Junie

# BASAAR – MATERIAAL

Lus vir n nuwe stokperdjie? Kom loer in by Laslappie (materiaaltafel). Dink buite die boks en ontwerp iets nuuts. Hier is ietsie vir elkeen, naaldwerk, breiwerk of selfs hekelwerk.
Indien daar ongebruikte lappies in die kas lê, skenk dit asb vir die basaar. Merk BASAAR!!! Iemand anders het dit dalk net nodig.
Enige "haberdashery" ook welkom. Lappie groete
Elsa Welman



# BASAAR – PLANTE

Versier jou huis of kantoor met pragtige plante van die bazaar. Ons bied 'n verskeidenheid van vetplante, waterwys en binne plante teen billike pryse. Koop ook 'n geskenk vir iemand. Kry n natuurlike skoonheid vir jou huis en gemoed terwyl jy die kerk ondersteun.

Ons sal ook enige skenkings waardeer van plante en potte....

Dankie
Maranda





# KLERE EN VERE

**Klere en Vere** kom vanjaar basaar toe!

Bring asseblief solank vir ons daardie voorheen geliefde items uit jou klerekas en merk dit: **Basaar**. Jy gaan dit tog eendag uitgooi en waar beter as vir De Eike!
Ons gaan van die klere wat vir Klere en Vere gegee word, op die basaar verkoop. Op hierdie manier kan fondse geïn word om herstel- en ander onkoste te dek wat tans deur die 2 lidmate betrokke by Klere en Vere self gedra word.

Ons het pas weer 'n mooi besending klere na Merweville gestuur.

En moenie ophou om hierdie projek te ondersteun nie. Jou ou klere, tweedehandse klere, aan-"*pass*" klere, skoene, linne, ensovoorts, laat iemand anders breed glimlag.

Dankie!
2 Vere



# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

***Dankie vir jou bydrae*** van die afgelope tyd. Jou omgee is 'n aksie, wat iemand anders se lewe positief raak.

Die mandjie se pens raak egter nou effens leeg, die volgende items sal baie welkom wees.

| | |
|---|---|
| ***Tee*** | ***Melk*** |
| ***Suiker (1kg)*** | ***Tuna*** |
| ***Soja*** | |

Groetnis

# BESOEK AAN NUWERUS GEMEENTE

Indien jy belangstel om hierdie besoek aan Nuwerus mee te maak kan jy gerus met een van die volgende persone in verbinding tree:

Sias Koen 0833185993
Sanet Koen 0824474088
Franci Gresse 0824474088

Die datum sal binnekort bekend gemaak word.

# CAD

## Daar is hoop by CAD

Die Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD) is 'n dinamiese organisasie vir die ondersteuning van mense wat 'n probleem het met middelafhanklikheid. Dit lewer dienste vanuit 'n Christelike raamwerk en help herstellende afhanklikes, saam met hulle gesinslede, om weer hulle regmatige plek in die samelewing in te neem. CAD bemagtig en adviseer ook families en werkgewers rakende mense in hulle lewe oor wie hulle besorgd is. Selfsorggroepe word gebruik waar, vanuit persoonlike ervaring van middelafhanklikheid en oorwinning, probleme met mekaar gedeel en ondersteuning aan mekaar gebied word. Die deelname aan die groep bevorder 'n leefstyl sonder afhanklikheidsvormende middele. Dit is 'n gratis diens, met sowat 20 aktiewe groepe in die Wes- en Suid-Kaap. Maatskaplike werkers is ook vanuit die kantoor in Kuilsrivier betrokke by die ondersteuning en stigting van groepe en is beskikbaar vir berading.

**Ondersteuningsgroep Maandae 18:45 NG Kerk Kuilsrivier-Suid.**
**Kontak Ursula 083 235 3933**
**CAD glo dat jy waarlik vry word as Jesus jou vrygemaak het.**

# NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Liewe vriende,

Ek gee graag terugvoer rakende Maart en April se syfers (met Februarie se syfers vir vergelykings-doeleindes):

| | **Februarie 2023** | **Maart 2023** | **April 2023** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 161 847 | 189 707 | 215 297 |
| Totale inkomste | 258 110 | 270 292 | 288 724 |
| Totale uitgawes | 346 124 | 388 593 | 304 252 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(88 014)** | **(68 301)** | **(15 528)** |

Beide Maart en April se syfers is beter as Februarie s'n, waaroor ons baie dankbaar is. (April se maandelikse dankoffers sluit wel 'n enkelbedrag-bydrae van R55 000 in.) Dit is dalk ook nuttig om die maandelikse dankoffer-syfers te vergelyk met die gemiddelde maandelikse dankoffer-syfer vir die vorige finansiële jaar, nl. R179 232.

Dit is verder nie buitengewoon om aan die begin van die kalenderjaar 'n netto maandelikse tekort te hê nie. Maart se uitgawe-syfer sluit byvoorbeeld reeds 'n groot gedeelte van die uitgawes rondom die basaar in. Intussen is ons volstoom besig met voorbereidings (en voorbidding) vir ons basaar op 3 Junie, wat ons volgende groot fondsinsameling sal wees.

Groete tot vogende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# PREEKSKETS

**TEMA – DIE TEKEN HET VERANDER MAAR NIE DIE BETEKENIS NIE**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Genesis 15:7-12; 17-18 Genesis 17:6-12; 24-27

1. **Inleiding.** God se genade is onbeskryflik groot. God se liefde is eindeloos. God se omgee en sorg is onmeetbaar. Dit is ons God wat ons in die Bybel ontmoet. En heeltyd bly ons bewus van God as die handelende. God wat die inisiatief neem. God wat ten spyte van sy kinders se afdwaal-paaie, nukke en grille, steeds bemoeienis maak. Daarom is hierdie gedeelte van Genesis onbegryplik en staan ons net weer in verwondering dat God bereid is om in Sy liefde na ons oor te buig en Hom oor ons te ontferm. Ons lees van God wat 'n verbintenis maak met Abraham en sy nageslag.. 'n Verbintenis wat ons insluit. En dit is 'n blywende verbintenis: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. En as bevestiging van hierdie verbintenis sal alle mans die teken dra. Selfs babaseuns wat agt dae oud is, ontvang die teken.

2. **Teken en Betekenis.** Die teken, naamlik die besnydenis, beteken dat God 'n verbintenis maak met Sy volk. Abraham het die teken op 'n laat ouderdom ontvang, so ook Ismael op dertien jarige ouderdom. Isak, Abraham en Sara se seun het ook die teken agt dae na geboorte ontvang alhoewel Isak op daardie ouderdom nog nie die betekenis van die teken kon verstaan of in God kon glo nie. Maar Abraham het 'n pad van geloof en vertroue saam met God gestap. En Abraham het daardie geloofskennis en betekenis van die verbintenis aan sy gesin en familie oorgedra. God wou hê dat Sy volk 'n teken dra dat hulle anders is as ander mense. Maar hierdie teken verander in die Nuwe Testament.

3. **Die teken verander maar nie die betekenis nie.** In die Nuwe Testament wil God nog steeds hê Sy kinders moet gemerk word. Maar nou is dit nie meer nodig dat bloed moet vloei, of dat ons meer diere hoef te offer nie want Jesus, die Lam van God, sterf aan die kruis en word as't ware geslag en geoffer vir al ons sonde. En omdat bloed nie meer nodig is nie, het God besluit ons moet dit nou met water doen. Soos water mens skoon maak as jy vuil is, was Jesus ons skoon van ons vuilheid. Lees gerus Kol. 2:11-12, Handelinge 15 en ook Matteus 28:19 wat vir ons 'n aanduiding gee dat die doop nou die besnydenis vervang het.

4. **Slot.** Wat sê die Here vir ons vanoggend? Soos Abraham van ouds moet ouers met hulle kinders gaan sit en hulle verduidelik wat dit beteken om gedoop te wees. Dat hulle die teken ontvang het toe hulle nog nie verstaan het nie. Vertel hulle dat die doop nie 'n ek-maak-die-keuse verbintenis is nie. Die verbintenis is God se keuse, nie die mens s'n nie. Die doop is die inlywing in die verbintenis en die nagmaal die in-blywing in die verbintenis. Amen.